# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes leerders:

- Die teks met begrip lees.
- Verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word.
- Inligting in die teks identifiseer, en.
- Die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes leerders:

- Die teks met begrip lees.
- Verstaan wat van hulle verwag word, en.
- Inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3 en 4** moes leerders:

- Die teks met begrip lees.
- Die opdragte verstaan.
- Relevante inligting in die teks identifiseer.
- Bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**).
- Inligting oor ’n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en.
- Die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5 en 7** moes leerders:

- Die opdrag verstaan.
- Sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer.
- Hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk.
- Punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik.
- Die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**).
- Hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en.
- Die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes leerders:

- Die teks met begrip lees.
- Verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word.
- Die toepaslike inligting in die teks identifiseer.
- (Slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf.
- Antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en.
- Die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

**Algemene kommentaar**

**Oefening 1**

Dit is ’n begripsoefening waarin leerders se soekleesvaardighede aan die hand van ’n kort teks getoets word. Hulle beantwoord die vrae in enkele woorde of sinsdele.


© 2022

**Oefening 2**

Hierdie oefening fokus op die oordra van inligting. Leerders gebruik inligting uit 'n gegewe teks om 'n vorm in te vul. Enkele woorde, sinsdele en soms 'n volsin word ingevul.

**Oefening 3**

Leerders gebruik inligting uit 'n gegewe teks om aantekeninge onder opskrifte te maak.

**Oefening 4**

Leerders maak 'n opsomming van een paragraaf van ongeveer 80 woorde oor 'n aspek van dieselfde teks wat in **Oefening 3** gebruik is.

**Oefening 5**

Leerders skryf 'n vriendskaplike brief van 150 tot 200 woorde gebaseer op 'n onderwerp met drie spesifieke riglyne.

**Oefening 6**

In hierdie leesbegrip beantwoord leerders kortvrae oor 'n teks. Die vrae word hoofsaaklik in volsinne beantwoord.

**Oefening 7**

Leerders skryf 'n artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant. Hulle gee hulle eie mening oor 'n onderwerp nadat hulle na ses menings oor die onderwerp gekyk het.

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

***Oefening 1***

**Vraag 1**

Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord. Omdat die woord 'partytjie' duidelik in die teks voorkom, is daar verwag dat hulle dit korrek moes spel. Diegene wat 'partytjienag' of 'rowwe partytjienag' geantwoord het, het wel die punt gekry, maar leerders wat ''n partytjie gehê/gehaad' geskryf het, het die punt verbeur. Leerders moet herinner word dat hulle aandag aan hul gebruik van tye moet gee en in die regte tyd moet antwoord.

**Vraag 2**

Leerders wat die woord 'ooreenkoms' verstaan het, het die vraag meestal korrek beantwoord. Daar is verwag dat hulle 'geheim/geheime' reg moes spel.

**Vraag 3**

Alhoewel die meeste leerders goed in hierdie vraag gevaar het, het sommige verkeerdelik gesê dat albei boeke 'n kompetisie gewen het, in plaas van 'n prys of 'n tweede prys. Leerders moet herinner word dat die vrae in hierdie eerste oefening kort antwoorde vereis. 'n Antwoord soos 'Albei het 'n prys gewen' sou dus voldoende gewees het.

**Vraag 4**

Talle leerders het beide hierdie vrae reg beantwoord. Indien slegs een van die antwoorde reg was, is een punt toegeken.

**(i)** Antwoorde soos 'miesie' en 'muisie' het nie 'n punt verdien nie.

**(ii)** Dit was voldoende om slegs 'seuns' te antwoord.


© 2022

**Vraag 5**

Alhoewel baie leerders goed in hierdie vraag gevaar het, het heelwat die punt verbeur deur 'Dis gruwelik' of 'Dis die lekkerste versameling grilstories wat jy nog ooit gelees het' direk uit die teks neer te skryf, wat nie 'n logiese antwoord was nie omdat dit nie die vraag beantwoord het nie. Hulle moes aandui hoe 'n mens <u>voel</u> terwyl jy die stories lees. Leerders moet daaraan herinner word dat hulle antwoord logies op die vraag moet volg.

**Vraag 6**

In hierdie vraag moes leerders weer 'n verskil identifiseer – die een boek is 'n klomp stories terwyl die ander almal een storie is. Heelwat leerders het gesukkel om die verskil raak te sien en het probeer om te verduidelik hoe die tipe stories verskil het – die teks het egter nie voldoende inligting daaroor gegee nie.

Riglyne:

- Leerders moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Hulle moet herinner word dat die antwoord logies op die vraag moet volg: Sommige leerders verbeur punte deur hele sinsdele of sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Hierdie tegniek lei dikwels daartoe dat 'n antwoord ongeldig is omdat die onnodige inligting nie logies op die vraag volg nie.
- Leerders moet slegs die nodige inligting in die antwoorde verskaf. Onnodige inligting in 'n antwoord dui op 'n gebrek aan begrip van die vraag. Dit kan ook daartoe lei dat 'n antwoord ongeldig raak omdat die ekstra inligting die antwoord se fokus verander.
- Leerders moet aandag gee aan spelling. Daar word verwag dat hulle woorde wat in die teks voorkom, korrek moet spel. Indien die verkeerde spelling van 'n woord daartoe lei dat hulle inderwaarheid 'n heeltemal ander woord neerskryf (bv. 'muisie' in plaas van 'meisie' in **Vraag 4(i)**), sal hulle die punt verbeur.
- Leerders moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag (en verkieslik moet) skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig, asseblief. Sommige leerders antwoord in sinne wat nie met 'n hoofletter begin of met 'n punt eindig nie.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om ekstra handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Hierdie keer was daar gelukkig slegs enkele leerders wat dit gedoen het. Herinner hulle asseblief dat dit onnodig én 'n vermorsing van tyd is.

***Oefening 2***

**Vraag 7**

Talle leerders het die vorm goed ingevul.

**(i)** Die meeste leerders het hierdie punt gekry. Enkele het 'Berghoek Hoërskool' of net 'Berghoek' geskryf, en sodoende die punt verbeur. Daar was ook 'n klompie wat 'Hoërskool' of 'Berghoek' verkeerdelik as twee woorde geskryf het.

**(ii)** Slegs enkele leerders het nie die punt gekry nie – hoofsaaklik omdat hulle 'Augustus' verkeerd gespel het ('Agustus'), nie die jaartal geskryf het nie, of 'gebore' ná die datum geskryf het.

**(iii)** Dit is weer eens verblydend dat baie min leerders die adres verkeerd neergeskryf het. Party leerders het 'Hoofstraat' as twee woorde geskryf, die straatnommer voor die straatnaam geskryf, of die naam van die dorp en die poskode ná die straatadres geskryf, en sodoende die punt verbeur. 'n Klein groepie het die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.

**(iv)** Alhoewel talle leerders hierdie punt gekry het deur 'Sporttoerusting' aan te dui, het heelwat nie besef die reeds aangeduide 'Digitale toestelle' is nie 'n voldoende antwoord nie.

**(v)** Redelik min leerders het hierdie punt gekry. Indien hulle 'duiwekos' as twee woorde geskryf het, het hulle steeds die punt gekry. Slegs 'kos' of 'hondekos' (die afleier) het geen punt verdien nie.


© 2022

‘Kos vir sy duiwe’ in plaas van ‘kos vir my duiwe’ is verkeerd gemerk omdat leerders die vorm namens Adriaan moes invul. Sommige leerders het geen antwoord ingevul nie.

**(vi)** Talle leerders het ‘Klere’ (verkeerd) en ‘Skoene’ (korrek) aangedui, wat daartoe gelei het dat hulle geen punt verdien het nie omdat dit die antwoord verkeerd gemaak het.

**(vii)** Baie leerders het besef hulle moes die antwoord met ‘Ek’ in plaas van ‘Adriaan’ of ‘Hy’ begin. Sommige het wel met ‘Ek’ begin, maar dit dan gevolg met ‘wil skoene self aanpas voor hy dit koop’ (direk uit die teks), wat die antwoord verkeerd gemaak het. Dit was verkeerd om in hierdie antwoord na ‘skoene en klere’ te verwys – die insluit van ‘klere’ het die antwoord ongeldig gemaak omdat dit getoon het leerders verstaan nie die vraag nie.

**(viii)** Baie leerders het nie besef hulle moes twee punte hier noem nie, en het slegs genoem dat plaaslike winkels produkte gouer aflewer of dat plaaslike winkels goedkoper is, en sodoende slegs een punt behaal. Hulle word herinner om seker te maak dat hulle altesaam nege antwoorde skryf. Sommige leerders het verkeerdelik hul eie ervaring van aanlyn inkopies in plaas van die inligting in die teks gebruik om die vraag te beantwoord. Dit was weer eens noodsaaklik om in die eerste persoon te antwoord.

Riglyne:

- Leerders moet deurgaans in gedagte hou dat hulle die vorm namens die persoon wat beskryf word, invul. Waar nodig, moet hulle dus in die eerste persoon antwoord.
- Leerders moet herinner word om die hoofletter aan die begin van maand- en straatname duidelik aan te dui.
- Hulle moet ook herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam en poskode staan dikwels reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Leerders moet herinner word om adresse en datums 100 per cent korrek neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word ’n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets tog leerders se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.
- Indien leerders veronderstel is om een opsie neer te skryf of af te merk, en dan meer as een aandui, verbeur hulle die punt, want dit maak hulle antwoord verkeerd.

***Oefening 3***

Die leerders wat goed in hierdie oefening gevaar het, het verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is.

**Vraag 8**

Die meeste leerders het twee punte behaal. Alhoewel slegs ‘kunstenaars’ en ‘presidente’ of ‘Amerikaanse presidente’ voldoende was, is punte toegeken vir ‘beroemde kunstenaars’ en ‘vyf van die laaste agt Amerikaanse presidente’.

**Vraag 9**

In hierdie antwoord moes leerders genoeg inligting gee sodat hul antwoord sinvol kon wees. Heelwat leerders het nie volledig genoeg geantwoord nie en sodoende punte verbeur. Daarenteen het heelwat lang sinne direk uit die teks oorgeskryf, wat nie doeltreffend vir die maak van aantekeninge is nie. Hulle moet besef dat hul antwoorde moet toon hulle verstaan die vraag en die antwoord.

**Vraag 10**

Die meeste leerders het redelik goed gevaar. Diegene wat nie die woord ‘uitdagings’ verstaan het nie, kon nie sinvol antwoord nie.

Riglyne:

- Leerders moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Leerders moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan uitkies.


© 2022

- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: Waar dit in **vraag 8** aanvaarbaar was om byvoorbeeld slegs 'kunstenaars' of 'presidente' as antwoord te gee, het al die ander antwoorde kort sinne vereis.
- Daar word verwag dat leerders woorde wat in die teks voorkom, korrek oorskryf.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om verdere handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk.

***Oefening 4***

**Vraag 11**

- Die meeste leerders vind die opsomming steeds moeilik.
- In die beste antwoorde het leerders:
  - Eers na twee of drie nadele van linkshandigeheid en dan na twee of drie voordele van linkshandigheid verwys.
  - 'n Poging aangewend om hul eie woorde te gebruik – dus nie 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf nie.

Riglyne:

- Leerders moet onthou dat hulle sover moontlik hul eie woorde moet gebruik, maar beslis wel woorde/begrippe uit die teks mag gebruik.
- Leerders wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)
- Dit is belangrik dat leerders die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

***Oefening 5***

**Vraag 12**

- Die meeste leerders het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek.
- Die leerders wat die beste gevaar het, het die brief met 'n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met 'n gepaste slot geëindig.
- Goeie briewe is verder gekenmerk deur 'n entoesiastiese inslag en 'n redelik informele geselstoon.
- Leerders moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie. Heelwat leerders skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Die manier waarop 'n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien beslis aandag. Sommige leerders skryf 'Deer/Dear' in plaas van 'Beste' of 'Liewe'. Ander leerders gebruik geen aanhef nie en eindig die brief stomp ná die laaste paragraaf.
- Dit was duidelik dat sommige leerders nie verstaan het wat met kulturele aktiwiteite bedoel is nie; ander het egter sinvol oor byvoorbeeld drama, kuns en musiek by hul skool geskryf.
- Leerders wat slegs oor hul eie skool geskryf het en dit nie in verband gebring het met 'n niggie/nefie wat volgende jaar na hulle skool kom nie, het 'n swak punt (gedeeltelik relevant) vir inhoud gekry.
- Leerders se paragrafering was oor die algemeen redelik goed, maar sommige verstaan nie dat elke paragraaf om 'n hoofidee gebou word nie. 'n Minderheid het die hele brief in een paragraaf geskryf.
- 'n Redelik nuwe verskynsel was dat heelwat leerders nie sinvolle sinne skryf nie, maar paragrawe met 'n hoofletter begin en dan 'sinne' van vyf tot tien of twaalf reëls skryf. Die funksie en gebruik van sinne as die boustene van paragrawe benodig dus aandag.
- Dit was steeds duidelik dat die gebruik van hoofletters en leestekens aandag benodig.
- Idiomatiese uitdrukkings: Daar is leerders wat duidelik 'n paar bekende idiome (bv. die aap is uit die mou) leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Hulle moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.

Riglyne:

- Leerders word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Hierdie riglyne kan as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Leerders moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.


© 2022

- Leerders moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ’n bevredigende beeld van hulle skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie.
- Alhoewel briewe wat te lank is volledig gelees word, gebeur dit gewoonlik dat leerders wat te lank skryf, hulleself penaliseer omdat hulle briewe dan dikwels nie ’n hegte struktuur het nie. Hulle sukkel dan ook dikwels om genoeg tyd vir hulle tweede skryfstuk te beplan.
- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – daar word genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet leerders aandag gee aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor ‘want’ en ‘maar’ en tussen gesegdes, en die punt aan die einde van sinne), hoofletters (veral aan die begin van ’n sin), en woordorde na voegwoorde soos ‘dat’ en ‘omdat’.
- Engelse woorde en uitdrukkings word geïgnoreer asof die nasiener nie Engels verstaan nie en dit dus nie kan lees nie.
- Die gebruik van kru woorde is onaanvaarbaar.

Algemene aspekte wat aandag verdien:

die aanhef: Beste/Liewe Nicky
die slot: Jou vriend/vriendin/maat
die skryf van sinne en die gebruik van volsinne
die gebruik van hoofletters
die gebruik van leestekens, veral punte en kommas
die skryf van paragrawe
die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
die woordorde na voegwoorde soos ‘dat’ en ‘omdat’
die gebruik van interessante beskrywende woorde
die verskil tussen ‘sal’ en ‘wil’
die gebruik van ‘toe’, ‘dan’ en ‘wanneer’
die gebruik van ‘lewe’, ‘liewe’, ‘lief’, ‘lyf’
die gebruik van ‘so’ in plaas van ‘dus’
die verskil tussen ‘simpel’ en ‘eenvoudig’.

Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat leerders behoort te ken:

vertel van iets
neem deel aan ’n aktiwiteit
stel belang in iets
skryf oor iets
skryf aan iemand
gesels met iemand
sien uit na iets
bestee geld op/aan
gaan na ’n plek
is trots op
is opgewonde oor
is tevrede met
gee om vir iemand/iets
hou van iets/iemand
is lief vir iets/iemand
bly by die huis
kuier by iemand
is kwaad vir iemand
luister na musiek
kyk na ’n fliek
verlang na iemand

Afrikaanse plekname wat leerders behoort te ken:

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg


© 2022

Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin, Robbeneiland, Botaniese Tuin

Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Amerika, Kanada

***Oefening 6***

Ter inleiding moet genoem word dat die vrae meestal op so ’n wyse gestel is dat leerders nie sinsdele of sinne uit die teks kon oorskryf om vrae te beantwoord nie. Leerders moes dus die vrae deeglik lees en die teks dan interpreteer om by die regte antwoorde uit te kom en dit reg te formuleer.

**Vraag 13**

Talle leerders het hierdie punt verbeur omdat hulle die vraag verkeerd gelees het – hulle het nie opgelet dat hulle oor die onderhoud gevra is nie, en het dikwels oor die opstel geskryf.

**Vraag 14**

Talle leerders het die vraag probeer beantwoord deur die volgende gedeelte direk uit die teks aan te haal: ‘As die wind gewaai het, kon dit gedurende die dag maklik –15 °C word.’ Dit het tog nie die vraag beantwoord nie – die vraag was ’n algemene vraag oor hoe die wind temperatuur affekteer. ’n Woord soos ‘verlaag/verminder/sak’ moes in die antwoord voorkom. ‘Dit maak die temperatuur lae’ is nie aanvaar nie. Sterker kandidate het die punt met ’n antwoord soos die volgende verdien: ‘Die wind laat die temperatuur drasties daal.’

**Vraag 15**

Baie leerders het hierdie punt verbeur deur in die eerste persoon te antwoord: ‘Dit het nie een keer gesneeu terwyl ons daar was nie.’

Hierdie antwoord moes uit twee dele bestaan: ‘dit het nie gesneeu nie’ + ‘terwyl Riaan-hulle daar was’, of ‘Gewoonlik sneeu dit hierdie tyd van die jaar’ + ‘hierdie keer het dit gesneeu nie’.

Leerders moet daaraan herinner word dat **Oefening 6** baie van **Oefening 1** verskil. In **Oefening 6** kan kandidate nie net enkele woorde neerskryf en vir die beste hoop nie; hulle moet vrae deeglik lees en dit volledig beantwoord.

**Vraag 16**

Baie leerders het hierdie twee punte behaal deur twee gevolge van die gebrek aan reën te identifiseer. Sommige leerders het die fout begaan om byna die hele tweede paragraaf oor Cobus woordeliks neer te skryf. Dit het problematiese gevolge gehad:

- Die insluit van die eerste sin (‘Wat Cobus veral onthou, is die tonele van ’n smeltende yswêreld.’) handel nie oor Cobus se plaas nie, en het dus die res van die antwoord deels ongeldig gemaak.
- Die gebruik van die eerste persoon (‘Dit beteken ons skape het nie genoeg kos nie’) het weer eens verhoed dat leerders ’n punt behaal.

**Vraag 17**

Hier was dit weer noodsaaklik om die vraag goed te lees – die vraag was nie oor Thea nie, maar oor die verantwoordelikheide wat jongmense na haar mening het. Die antwoord moes dus verwys na wat jongmense moes doen: Hulle moes ander aanmoedig om nie plastiek te gebruik nie, en hulle moes self help om die strande skoon te maak. Baie leerders het die eerste punt verbeur omdat hulle gesê het jongmense moenie plastiek gebruik nie (in plaas van hulle moet ander aanmoedig om dit nie te gebruik nie). Talle leerders het wel die tweede punt behaal.

**Vraag 18**

Te min leerders het hul antwoord op Kelby gebaseer en dus die punt verbeur. Talle het verkeerdelik geskryf oor hoe haar pa ’n wetenskaplike was wat groen gelewe het. ’n Antwoord soos ‘Sy was ook omgewingsbewus’ of ‘Sy het haar passie vir die omgewing van haar pa gekry’ was perfek.


© 2022

**Vraag 19**

Dit was weer eens ’n vraag wat fyn gelees moes word – leerders moes identifiseer waarom Boiketio moontlik ’n wêreldrekord opgestel het. In hul antwoord moes hulle drie dinge noem: Boiketio het buite/tussen die ysberge + in Antarktika + viool gespeel.

Sommige het die fout begaan om na Boiketio as manlik te verwys, terwyl die teks duidelik noem dat sy ‘haar viool’ saam Antarktika toe geneem het. Talle het ook die volgende byna direk uit die teks oorgeskryf, maar nie ’n punt behaal nie omdat dit nie die vraag beantwoord nie: ‘Sy dink nie iemand het al ooit in Antarktika tussen die ysberge viool gespeel nie.’

Hierdie vraag het beslis aan die sterker leerders ’n geleentheid gebied om punte te verwerf.

**Vraag 20**

In hierdie antwoord moes leerders noem dat die jongmense hulle eie ervaring of eerstehandse kennis kon gebruik om mense bewus te maak van wat met die aarde gebeur. Dus weer eens ’n tweeledige antwoord vir een punt.

Riglyne:

- Leerders moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Leerders wat gedeeltes in die eerste persoon direk uit die teks oorskryf, verbeur die punt. By **vraag 19** sou ’n antwoord soos die volgende geen punt behaal nie: ‘Ek het in Antarktika tussen die ysberge viool gespeel.’
- In hierdie oefening moet leerders nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin leerders idees volledig moet uitdruk.
- Leerders wat vrae in hulle eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Leerders moenie verwag dat hulle vrae sal kan beantwoord deur slegs gedeeltes uit die teks neer te skryf nie. Die vrae word op so ’n wyse gestel dat dit nie gedoen kan word nie. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg en die vraag sinvol beantwoord.
- Leerders moet daarop fokus om slegs relevante inligting neer te skryf. Onnodige inligting kan maklik daartoe lei dat antwoorde ongeldig is omdat die vraag dan nie beantwoord word nie.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om verdere handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig.

***Oefening 7***

**Vraag 21**

- Hierdie opdrag het vereis dat leerders hul eie mening gee oor die voorstel dat skole se snoepwinkels/kafeterias voortaan slegs gesonde eet- en drinkgoed verkoop. Sommige leerders het verkeerdelik op die verskil tussen gesonde en ongesonde kos gefokus, of die voor– en nadele van suiker bespreek sonder om die voorstel en hulle eie mening daaroor te bespreek.
- Sommige leerders het die ses gegewe menings herhaal en kortliks kommentaar daarop gelewer, maar nie werklik hul eie reaksie op die voorstel bespreek nie. Hulle word daaraan herinner om goed te kyk na wat die onderwerp vereis: ‘Skryf ’n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die voorstel bespreek.’
- Sommige leerders het slegs die ses gegewe menings herhaal en kommentaar daarop gelewer.
- Sommige leerders het verkeerdelik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies – dikwels die een oor suiker – en net daaroor geskryf, wat hulle punte benadeel het.
- Let Wel: die skryf van ’n doeltreffende inleidende paragraaf verdien aandag – sommige leerders val weg met waarom hulle saamstem of nie sonder om duidelik te stel waarmee hulle saamstem of nie saamstem nie.
- Talle leerders het ’n doeltreffende slotparagraaf geskryf – ander artikels het stomp geëindig.


© 2022

- Sommige leerders het nie lank genoeg geskryf nie, wat ’n negatiewe uitwerking op hulle punte het omdat hulle die onderwerp dan nie goed genoeg dek nie. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk heelwat langer as die een in **Oefening 5** is.

Riglyne:

- Leerders moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hulle skryfstuk te gee:

  - Begin met ’n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hulle standpunt oor die onderwerp stel.
  - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
  - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.

- Dit word aanbeveel dat daar reëls tussen paragrawe oopgelaat word – daar word genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Idiomatiese uitdrukkings: Daar is leerders wat duidelik een of meer bekende idiome leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings perfek en natuurlik binne die konteks pas.
- Die gebruik van kolomme: Leerders moet asseblief nie in kolomme skryf nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Nuttige uitdrukkings:

Na my mening ...
Ek is van mening ...
My standpunt is ...
Ek stem saam met ...
Die voordele van hierdie voorstel ...
Die nadele van hierdie voorstel ...
Ten slotte ...

Sien ook die lys uitdrukkings by Oefening 5.


© 2022

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Kernboodskap

Kandidate behoort:

- inligting wat in verskillende vorms aangebied word te kan verstaan
- feite en menings van mekaar te kan onderskei
- inligting wat relevant is tot die vraag te kan organiseer
- afleidings te kan maak.

## Algemene kommentaar

Kandidate wat goed gevaar het se antwoorde wys dat hulle gesproke taal doeltreffend verstaan en gepas daarop kan reageer. Verskeie kandidate vind die gebruik van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde 'hy', 'sy' en 'haar' egter verwarrend. Die korrekte voornaamwoorde moet geoefen en konsekwent gebruik word, anders word punte nie toegeken nie.

Daar was bewyse van goeie eksamentegniek wat hierdie jaar deur kandidate gebruik is, byvoorbeeld om die korrekte afleidings uit tekste wat hulle gehoor het te kan maak. In sommige gevalle moet dit egter effektiewer gedoen word, aangesien sommige kandidate geneig is om alle woorde wat hulle hoor net neer te skryf sonder om genoeg te fokus op wat presies gevra word nie. Hulle antwoorde het dus nie altyd sin gemaak nie.

Kandidate kon nie altyd woorde korrek neerskryf nie. Dit het dikwels veroorsaak dat die betekenis van die woord of die hele sin verander of onduidelik geword het en die antwoord verkeerd gemerk is.

Voorbeelde van woorde wat kandidate gesukkel het om korrek te spel was:

veilige > 'vuilige'
skoon > 'skoen'
katoen > 'cartoen', 'kartoon'
steke > 'stekke'
uniek > 'unik', 'unique'
vlieërplankry > 'vlierplankry', 'veerplankry'
sirkus > 'cirkus'
sê > 'se'

Leerders sal baat vind by blootstelling aan meer luisteroefeninge wat fokus op korrekte grammatikale besonderhede (byvoorbeeld enkelvoud/meervoud, gebruik van korrekte voornaamwoorde en woordvorme, ens.) asook Afrikaanse fonetiese beginsels. Dit is ook raadsaam om leerders bloot te stel aan basiese woordeskat oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe en die spelling van sulke woorde oefen.

Daar was ongelukkig gevalle waar handskrif onleesbaar was as gevolg van die oorskyf van woorde/sinne van potlood na pen. By **Oefening 1** en **Oefening 2** was daar gevalle waar kandidate meer as een boksie gemerk het.

Riglyne:

- Maak kandidate asb. attent op die skandeerwerk en die elektroniese nasienproses. Kandidate moenie met pen bo-oor potloodnotas op die antwoordreël skryf nie. Waar handskrif nie gelees kan word nie, is


© 2022

dit moeilik om punte toe te ken. Kandidate moet ook nie potloodregmerke agterlaat in WAAR/ONWAAR- of meerkeuse-antwoordblokke nie, want dit lyk soos twee antwoordkeuses wat uitgeoefen is.
- By **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate aangemoedig word om duidelik te maak watter opsie hulle finale antwoord is. Dit is belangrik om te beklemtoon dat as twee blokkies met dieselfde letter/merkie in **Oefening 2** ingevul word, die kandidaat nie die punt sal behaal nie, al is een van daardie antwoorde korrek.
- Die vrae in **Oefening 3** en **Oefening 4** moet in Afrikaans beantwoord word. Enige woorde/sinne in ŉ ander taal word geïgnoreer.
- Kandidate moet let op die inhoud van die vraag: 'doen' impliseer 'n handeling, dus moet daar 'n werkwoord in die kandidaat se antwoord wees. Kandidate moet dus versigtig wees met antwoorde wat soms te vaag mag oorkom. Byvoordbeeld: '('n) koördinasie toets' i.p.v. 'Dit toets koördinasie' is verkeerd.
- Aan die ander kant moet kandidate ook aangemoedig word om sover as moontlik bondige antwoorde te verskaf om onnodige foute te vermy. Kandidate wat te veel skryf staan die gevaar om hulle antwoord ongeldig te maak deur iets te noem wat nie waar is volgens die teks nie.
- Hierdie is 'n luister toets en daar word getoets of kandidate kan weergee wat hulle gehoor het. Hulle moet net die vrae op 'n logiese en verstaanbare manier antwoord en so veel as moontlik by die bewoording van die teks hou. Kandidate wat antwoorde te veel probeer verwoord dwaal soms te ver af t.o.v. betekenis.
- Let op die puntetelling – het die kandidaat die vraag ten volle beantwoord?
- Kandidate moet slegs hou by wat hulle gehoor het en nie by wat hulle weet nie. Antwoorde moet gebaseer wees op die teksinhoud, selfs al kom dit nie ooreen met die kandidaat se ervaring en/of mening.
- Kandidate moet die belangrikheid van die regte gebruik van die enkelvoud- en meervoudsvorme besef, aangesien dit die betekenis van 'n woord/sin kan verander.
- 'n Verkeerde spelling moenie die betekenis van 'n woord of sin in twyfel trek nie, byvoorbeeld moet/moed, klere/kleure

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Oefening 1**

**Vrae 1 – 6**

Hier is geluister na 'n praatjie oor die skep van sandbeelde. Hoewel daar slegs twee moontlike antwoorde (Waar of Onwaar) is waaruit gekies moet word, moes kandidate tog baie fyn en noukeurig luister om korrek te antwoord. Hierdie eerste oefening is gewoonlik makliker hanteerbaar vir kandidate aangesien hulle nie self woorde hoef neer te skryf nie. **Vraag 1, 2, 3** en **5** is uitstekend hanteer en was meestal korrek. **Vraag 4** en **6** was meer uitdagend. By **vraag 4** was daar 'n afleier: 'Ek doen sandkuns vir pret en verniet'. Hulle moes fyn luister toe sy dus sê: 'Ek vra net geld as iemand vir my vra om iets spesiaals te maak'. By **vraag 6** moes hulle weer aflei dat Riana se teken wat sê: 'Moenie aan my dinosourus raak nie', beteken dat dit haar pla as mense aan haar dinosourus raak. Die korrekte antwoord hier was dus 'Waar'.

**Oefening 2**

**Vrae 7 – 11**

Die kandidate het hierdie jaar meer met hierdie oefening gesukkel as in die verlede. Hierdie was 'n uitdagende teks en dalk 'n onderwerp waarmee sommige kandidate nie so gemaklik gevoel het nie. Hulle moes baie fyn luister om tussen die verskeie afleiers te onderskei om by die regte antwoord uit te kom.

**Oefening 3**

**Vrae 12 – 18**

Aangesien kandidate hier die antwoorde op vrae moet neerskryf, speel skryfvermoë en spelling 'n belangrike rol.

**Vraag 12** is meestal korrek beantwoord met 'lyfplank'. Sommige kandidate het deurmakaar geraak en 'branderplank' geskryf.


© 2022

By **vraag 13** was ’n volledige antwoord belangrik. Dus: ‘wêreldtitel vir junior branderplankryers’.

**Vraag 14**: ’n Aantal kandidate kon nie ‘veilig’ korrek spel nie en het ‘Die strand is vuilig’ of ‘vuil’ geskryf. ‘Skoon water’ was ook nie korrek nie, aangesien dit nie in die teks genoem word nie. ‘Skoon strand/sandoppervlak/sand’ was wel aanvaar.

**Vraag 15** was goed hanteer.

**Vraag 16**: Al mag die antwoorde in notavorm wees, was dit nie genoeg om net die woord ‘duikpak’ neer te skryf nie. Dit het nie die vraag oor wat hy moet *doen* beantwoord nie. Dit was dus nodig om ’n toepaslike werkwoord te gebruik, byvoorbeeld: ‘trek duikpak aan’ of ‘dra ’n duikpak’.

**Vraag 17** is deur die meeste kandidate baie goed hanteer.

**Vraag 18**: Let daarop dat daar ’n verskil is tussen water en [’n] brander(s). ‘Hy gebruik die spoed van die brander(s)’ was die korrekte antwoord en nie net ‘die spoed van die water’ nie.

**Oefening 4**

**Vrae 19 – 24**

Vrae in hierdie oefening is nie veronderstel om in slegs een woord beantwoord te word nie. Sommige inligting moes ook uit die teks afgelei word.

By **vraag 19** was dit belangrik dat kandidate noem dat dit uniek moet wees. Sommige kandidate het gesukkel om die woord ‘uniek’ korrek te spel en baie van hulle het die Engelse woord *unique* geskryf.

**Vraag 20** was ’n uitdagende vraag en swakker kandidate het gesukkel om twee punte hier te kry. ‘Sy winkel word vergelyk met ’n sirkus op ’n vaalvlakte a.g.v. al die kleure / omdat dit kleurvol is’ moes genoem word vir twee punte. Kandidate wat geskryf het ‘daar is baie klere’ het die betekenis verander en die antwoord ongeldig gemaak.

By **vraag 21** is die klem op die verskil tussen toe en nou. Eers was die materiaal van katoen, nou is dit van nylon. Kandidate kon hierdie vraag ook beantwooord met byvoorbeeld ‘Die materiaal is nou sterker en ligter’, dus solank daar aangedui word dat daar ’n verskil is en die verskil genoem word.

By **vraag 22** kon die meeste van die kandidate noem dat dit in die vorm van ’n boog is, maar hulle het soms gesukkel om die tweede punt te verdien, aangesien hulle nie altyd duidelik kon noem dat 500/baie ander/kleiner vlieërs daaraan vasgemaak is nie. Hulle het makliker die punt verdien as hulle ‘Dit is baie groot’ as die tweede punt geoem het. Sommige kandidate het nie ’n punt verdien as hulle skryf ‘Dit is die grootste vlieër’ nie, aangesien dit nie waar is nie. ‘Dit is die grootste vlieër van sy soort’ was wel aanvaar.

**Vraag 23** is deur die meeste kandidate goed hanteer. Die meeste het geskryf dat ‘dit koördinasie toets’. Die spelling was soms ’n uitdaging.

**Vraag 24**: Sommige kandidate het gesukkel met hierdie vraag. Hulle was onseker wat hulle hier moes antwoord en sommige kandidate het nie geweet wat die woord ‘postuur’ beteken nie.

**Vraag 25**: Die meeste kandidate het maklik een punt hier verdien, maar het soms gesukkel om die tweede punt reg te verwoord.

Wenke:

Luister deur die jaar na vorige Cambridge opnames. Kandidate moet bewus wees van die uitspraak en spelling van klanke soos y, ei, ui, c/k, ens. Ondervinding en blootstelling is belangrik en kandidate moet Afrikaans gereeld kan hoor en praat.

Klasoefeninge kan opgestel word wat fokus op afsonderlike woorde, byvoorbeeld:
- Speel ’n oudio opname van twee verskillende mense wat dieselfde teks voorlees.
- Identifiseer moontlik verwarrende woorde.
- Vra kandidate om neer te skryf wat hulle dink hulle gehoor het en wat hulle vermoed hulle moes gehoor het.


© 2022

- Vergelyk kandidate se antwoorde en gee terugvoer met die boodskap dat kennis en ervaring en logika ook ’n rol speel.

Sommige kandidate se aandag dwaal dalk af terwyl hulle moet luister. Hulle moet oefen om te konsentreer deur die hele voorlees van die teks.


© 2022

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

## Key messages

To do well in this examination, candidates should:

- engage in a spontaneous discussion on the selected topic.
- endeavour to take the lead in the conversation.

## General comments

- Many of the recordings were of a good quality.
- Examiners kept to the time limit reasonably well.
- Examiners generally put the candidates at ease and prompted the candidates well with appropriate questions to keep the conversation flowing in relation to the topics.
- Many of the better candidates expanded on the given ideas and shared their own opinions.

## Comments on specific issues

- The topics provided in this component were varied and allowed candidates to express themselves reasonably well and spontaneously.
- In one or two cases the selected card did not appear to match for the candidate's ability, interests and/or experience, which put the candidate at a disadvantage. Care should therefore be taken with choosing cards that suit individual candidates best.
- Examiners should follow Guidelines 2 and 15 in the Teachers' Notes to maintain the quality of the recordings.


© 2022